Tema: Ons is kelners van God se genade wat sy liefde aan mekaar bedien.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 150 – 1: 1,3
Ps. 149 – 1: 1,2
Lied 334: 1,2,3,4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 191: 1,3
Votum
Seën
Loflied Ps. 110 – 3: 1,2,3
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus: Sondag 21 vraag 54 en 55.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Romeine 13: 8 – 14
Sing Sb. 9 – 3: 1,2
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Petrus 4: 1 – 2 en verse 7 – 13
Teksverse: 1 Petrus 4: 7 – 11
Sing met die oog op die prediking: Sb. 3 – 4: 1,2,5
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Sb. 9 – 4: 1,4,5
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs. en srs en kinders

Daar gebeur in die lewe van ‘n gemeente daagliks dinge waarin mense mekaar baie nodig het. Daar is elke dag lidmate wat op verskillende wyses beproef word of vreugdes en blydskap wat ervaar word en wat roep om met mekaar gedeel te word. Ek is bewus daarvan dat hier in ons gemeente mooi onderlinge meelewing en ondersteuning plaasvind. Of dit hartseer, verlies of vreugde was – gedurig hoor ‘n mens mooi getuienisse van meelewing en ondersteuning deur ander lidmate. Lidmate wat spontaan en op verskillende wyses die liefde van God geopenbaar en met hulle medelgelowiges deel.

Die positiewe impak daarvan op die mense wat aan die ontvangkant van hierdie liefde was, brs en srs, het my opnuut laat besef dat dit die ware wese van kerkwees is. Daar waar die liefde van God hande en voete gekry het in die lewens van mense.

Maar brs en srs, die teendeel is ongelukkig ook waar: getuienisse van lidmate wat deur baie diep beproewing gegaan het en bykans geen ondersteuning van die gemeente ervaar het nie! Die impak van daardie negatiewe ervaring is net so diep en laat wonde wat moeilik genees!

Geliefdes, hierdie werklikheid beklemtoon opnuut die betekenis van ons teksgedeelte en dit het my opnuut onder die besef gebring van hoe betekenisvol en kragtig die gemeenskap van gelowiges werklik in mense se lewens kan wees.

En daarom hierdie oproep van die Here vanoggend *dat ons in die gemeente hierdie meelewingsgesindheid en diensgesindheid nog wyer en dieper moet laat grondvat*. As ons as waarlik kerk wil wees en betekenisvolle verskil en impak in mense se lewens wil maak en ten diepste tot eer van God wil lewe – dan is dit juis op hierdie vlak.

Brs en srs en kinders: Die Here sê dus vanoggend vir jou: Jy en ek moet kelners van Sy genade wees. Ja, ons moet God se liefde aan mense bedien – soos kelners mense in ‘n restourant bedien – so is ons bediendes van God se liefde.

Eers as ons geleer het om te bedien met die gesindheid van Christus – dan eer ons God in ons gemeentelike lewe!
Lidmaat wees, is kelner wees – dan het die liefde van Christus sy doelwit met ons bereik – dan lewe ons waarlik tot eer van ons God.

1. Ons hoor vanmore in die eerste plek dat ons almal kelners is! Ons het mekaar nodig!
2. Tweedens hoor ons wat dit is wat ons aan mekaar moet bedien
3. Derdens leer die Here ons dat Hy ons die krag gee om te bedien

1. Ons het mekaar as kelners nodig
Hierdie oproep in ons teksverse is veel meer betekenisvol as ‘n mens kyk na die konteks waarbinne Petrus dit skryf. Petrus skryf in vers 1 en 2 en ook 12 en 13 van die moeilike omstandighede waarbinne die gelowiges hulleself bevind. Hy beskryf in hierdie hoofstuk die pyn en leed wat die gelowiges moes ervaar.

Die Here kom sê deur Petrus vir hulle: Ek weet julle kry swaar en ervaar groot beproewinge as gelowiges, maar Ek weet ook wat juis nou vir julle nodig is om hierdie dinge te deurstaan. Behalwe geloof en al die ander dinge het julle mekaar nodig.
Vers 8: julle moet mekaar liefhê – sodat julle mekaar kan vergewe
Vers 9: wees gasvry teenoor mekaar en ontvang mekaar in julle huise
Vers 10: dien mekaar.

Gelowiges het mekaar nodig. Ons sê dit buite die kerk vir mekaar in die alledaagse gang van sake wanneer ons onder mekaar praat oor die eise van ons lewensomstandighede vandag. Daar sê ons dikwels: ons sal bymekaar moet staan, niemand gaan ons help as ons mekaar nie help nie.
En tog, br. en sr., sien 'n mens al hoe meer in ons samelewing dat mense hulleself hulle in hul eie huise terugtrek en nie met ander te doen wil hê nie. Elkeen leef vir hom of haarself. Dit is asof ons verleer het wat dit beteken om van mekaar afhanklik te wees. Die wetenskaplikes toon ook aan dat die Covid pandemie hierdie terugtrek en leef in my eie wêreld versterk het en dat baie mense nog in isolasie leef!

Dit is asof die oënskynlike swaarkry van ons omstandighede juis die teendeel in mense na vore laat kom. Mense sal sê: ek het nodig om ondersteun te word, ek het nie nou die tyd en krag om ander te ondersteun en te dra nie. Ek het te veel probleme en behoeftes van my eie.

En dit is juis hier, geliefdes, waar ons as kerk 'n verskil kan maak. Juis nou – te midde dalk van jou eie swaarkry en worsteling – sê die Here: wees jy nou 'n kelner van my liefde en genade.

Brs en srs, ons verskonings – waarom ons nie nou eintlik kelners kan wees nie – verkrummel as Petrus voortgaan en sê: elkeen in die gemeente het 'n gawe ontvang waarmee ons die ander kan bedien. Ja, God het aan elke gelowige een of ander gawe geskenk waarmee ons die ander kan bedien. Ons verskonings verdwyn as ons besef dat elke belydende lidmaat van hierdie gemeente 'n belofte voor God afgelê het dat ons gewillig sal wees om ons gawes in sy diens en tot voordeel van ons medelgelowiges aan te wend.

Die vraag is dan: wat is dan hierdie gawe waarmee ek moet dien? Dit is 'n besonderse eienskap, of kwaliteit of talent wat God aan jou gegee het om ander mee te dien. Dit kan 'n persoonlikheids-eienskap wees of dalk geloofskwaliteit of enige talent van woord of daad wat God aan 'n mens gee. Kom ons sê: dit is 'n besondere praktiese vermoë van een of ander aard wat uniek is aan jou as mens waarmee jy ander moet dien.

'n Mens sou hierdie gawes ook kon onderskei van die vrug van die Gees in die sin dat die vrug van die Gees dui op sekere geestelike of geloofs-kwaliteite of deugdes terwyl gawes dui op die vermoë om iets daarmee te doen. Bv. Iemand wat vriendelikheid as vrug van die Gees ontvang het, doen nog nie noodwendig iets daarmee tot voordeel van sy naaste nie. As so iemand egter mense in nood besoek en hulle opwek met sy vriendelike en opbeurende geaardheid – dan was hy/sy 'n kelner van God se liefde.

Brs en srs, elkeen van ons het so 'n gawe ontvang. Ons lees in vers 10: "namate" iemand 'n gawe ontvang het moet hy dien – dan beteken dit nie dat *net dié wat* gawes ontvang het moet dien nie – nee, "namate" beteken: elkeen moet dien met die gawe wat hy of sy ontvang het.

Of anders gesê: ooreenkomstig jou gawe. Petrus noem hier maar twee gawes as voorbeelde nl. om te preek en om te dien. Maar daar is menige ander voorbeelde in die Bybel van gawes waarmee gelowiges mekaar kan dien.

Ons moet kelners vir mekaar wees. Ons kinders ken die beeld van ‘n kelner. Dis die persoon in die restourant wat jou kos aandra. So ‘n persoon luister mooi na die klant se behoeftes en doen alles in sy vermoë om daardie behoeftes te bedien. Of, kinders, die van julle wat so bevoorreg is om ‘n huishulp in die huis te hê. Dink aan die gesindheid van daardie huishulp. Sy is daar om vir almal alles te doen. Die Bybelse woord is bediende.

Die Here sê vanmore: ons moet soos huishulpe of kelners mekaar bedien. Ook julle as kinders moet dit van kleintyd af leer. Bv. Dan julle ook sal sê: pappa of mamma, kan ek dit of dat vir jou doen en nie net altyd vra dat hulle vir jou iets moet doen nie.

Geliefdes, in die tyd van die Bybel het ‘n bediende die laagste sosiale vlak van die sameleweing verteenwoordig. Bediendes of kelners was as niks geag. Hulle is verag. Plato, die groot Griekse filosoof het gesê: Hoe kan ‘n mens gelukkig wees as hy iemand anders moet bedien?

Maar ons Here Jesus het hierdie opvatting juis kom verander. Hy het ons met sy voorbeeld anders kom leer! Hy was die een wat van die tafel af opgestaan het, ‘n voorskoot aangesit het en sy dissipels se voete gewas het. As die Here dus vir ons sê: julle is mekaar se kelners – mekaar se bediendes – dan is dit geen vernedering nie, maar juis ‘n wonderlike voorreg.

Want wat is dit wat ons bedien? Kom ons kyk in die tweede plek na wat op ons skinkbord as kelner moet wees:
Vers 10: ons bedien aan mekaar “die veelvoudige genade van God’!! Wat ons op die skinkbord dra is niks minder as die genade en liefde van God nie!! Die reddende genade van God in Jesus Christus en sy liefde vir mense! Die boodskap van Christus en die dade om daardie boodskap te bedien!

Om dit te bedien is mos ‘n wonderlike voorreg!! Daarom leer die Skrif ons ook elders: om te gee is baie beter as om te ontvang. Om ‘n kelner van God se liefde te wees, is die mees verrykende ervaring wat ‘n gelowige ooit kan ervaar. Jy word die kanaal waardeur God sy genade, sy liefde, sy sorg, sy omgee aan ander betoon en dit is wonderlik!!

Hierdie gawes kom nie uit jouself nie, nee, jy dra maar net aan uit God krag en sy voorraadkamer.
Die woord in vers 11” verleen” kan ook gebruik word in die betekenis van “magasynmeester”. God is soos die stoorman wat uit sy gawestoor aan jou die gawes verleen wat jy moet gebruik. As jy as kelner dus weet waar om jou voorraad te gaan haal, sal jy nooit verleë staan nie. *God voorsien vir elke omstandigheid, hy voorsien die regte emosie, die regte woord, dalk die stilte wat nodig is of die gebaar of die bord kos, of die geld in die koevert, of die kaartjie en die oproep of die gebed en die Skriflesing. God voorsien – jy dra maar net aan.*

Meer nog!!!. IN die derde plek leer die Heer ons in vers 11: jy dra aan met God se krag. Die Here voorsien nie net die voorraad aan die kelner nie, hy maak ook die bene sterk sodat die bediende kan bly aandra. Die woordjie “krag” in vers 11 beteken ook vermoë of potensiaal. Die Here help ons om met al ons krag en met ons volle potensiaal diensbaar te wees. Ons

mag dus nie hierdie Godgegewe vermoë en potensiaal verwaarloos nie. Ons moet dit voluit gebruik.

Juis hiervoor het God aan ons die Heilige Gees geskenk! Die Heilige Gees ontsluit in ons bomenslike krag om kelner te wees! Om iemand anders se nood te bedien verg baie inspanning! Die noodoproep om hulp kom dikwels vir jou op die mees ongeleë tyd of omstandighede! Soos die Here Jesus vertel het van die man wat in die middel van nag kom brood soek toe sy vriend al in die bed was! Dan rus die Gees jou toe met krag en oortuiging om op te staan en te help! Die Gees van die Here rus jou toe en Hy gee jou insig, krag en wysheid om ŉ kelner / ŉ bediende te wees wanneer iemand ander jou nodig het.

Nou die vraag aan elkeen van ons: Is ek bereid om ‘n kelner vir God te wees?
Het ons die gesindheid van ‘n bediende of wil ons bedien word? Hierdie vraag broeder en suster, gaan nie net om my gewete nie, maar dit dien om ons te bring by die doel daarvan alles nl: God se eer. Wanneer ons so diendend met mekaar leef, wanneer gelowiges bereid is om kelners te wees – dan word God in hierdie wêreld verheerlik! Dan sien mense sy liefde in ons raak en gee hulle aan Hom die eer. Dan maak die kerk werklik verskil in mense se lewens.

Is jy ‘n kelner van God se liefde? Dink mooi na oor jou antwoord.
Want, geliefde br. en sr. Daar gaan ‘n dag kom dat u ‘n kelner gaan nodig kry.

Die eerste kelner wat jy gaan nodig kry is Jesus Christus. Dat sy allesopofferende diens aan die kruis die vaste grond onder jou voete gaan wees. Dat sy dienende versoeningswerk die enigste skans tussen jou en die hel gaan wees. Dat sy liefde en sy genade die enigste salf vir jou gemoed sal wees as jy brandend soek na vergifnis en troos. Dat sy beloftes die enigste ankers in donker tye sal word.

Hiermee probeer ek sê: as jy eers besef wat Christus gedoen het om jou kelner te wees en eers wanneer jy dankbaar word vir die genade wat God in Christus aan jou bedien het, dan deel jy dit graag uit.

En, geliefde, daar sal ‘n tyd en ‘n geleentheid kom dat jy God se kelners sal nodig kry. Miskien as jy die dag alleen en eensaam is. As jy siek en bekommerd is. As jy verdwaald is en na helderheid in die geloof soek. As die dood jou familie besoek – dan sal jy die kelners van God nodig kry om jou te troos en te versterk.
Dan sal jy ook besef wat beteken ‘n woord van bemoediging, ‘n gebed wat vir jou gedoen word, ‘n besoek om jou te troos, ‘n lidmaat wat jou versorg met brood en sop. Of dalk ‘n koevert in die hand om jou kind se klere mee te koop.
En as dit gebeur – dan sal jy die een wees wat God dank en prys vir sulke medegelowiges.

Brs en srs, hierdie waarheid – van hoe ons mekaar nodig het en hoe nodig die Here kelners in sy gemeente nodig het, het ek die afgelope drie weke aan my eie lyf ervaar. Die Diakonie versorg ŉ lidmaat in ons gemeente! Ons gemeente sorg vir bykans al haar behoeftes. Sy het geen eie familie of vriende meer nie – niemand anders wat kan help nie! Haar gesondheid het die afgelope tyd so agteruit gegaan dat sy alle hulp nodig het.

Weet julle wat het ek besef? As die Diakonie finansieel sou ophou help, as indiwiduele diakens en ander lidmate ophou om haar op persoonlike vlak bykans daagliks by te staan, as

ons nie meer bereid is om haar soos kelners te dien nie, sal sy menslikerwys gesien, in ŉ oogwink op straat beland en van honger en siekte vergaan! So krities van belang is dit dat ek en jy bereid is om die genade van God aan mense te bedien!

Daarom geliefde br. en sr., daar sal altyd in ons gemeente ‘n tyd en ‘n plek wees waar God jou met jou skinkbord uit die hoek van die restourant gaan roep sodat jy iemand anders met sy liefde moet bedien.

Kom ons wees anders as die mense van die wêreld, kom ons wees al hoe meer ware kerk van God, ja kom ons wees kelners van God se genade – tot eer van sy Naam.

Amen.